

Mediaverklaring
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)
5 Mei 2011

Effektetrustbedryf nader vinnig die R1 triljoen-merk

Die plaaslike Kollektiewe Beleggingskema-bedryf (CIS-bedryf) is vinnig op pad na die R1 triljoen-merk met bates onder bestuur wat teen einde Maart vanjaar tot R949 miljard aangegroei het.

Volgens die plaaslike CIS-statistieke vir die eerste kwartaal van die jaar wat deur die Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA) bekend gemaak is, het die bedryf se bates onder bestuur die afgelope twee jaar met R338 miljard gegroei van R611 miljard einde Maart 2009. Dit is die tydperk waarvoor ASISA-statistieke beskikbaar is met alle dubbelberekennings verwyder.

Peter Dempsey, adjunk- uitvoerende hoof van ASISA, het daarop gewys dat hoewel die bedryf vinnig groei, die aantal fondse wat beskikbaar is vir die eerste keer in die bedryf se geskiedenis van 46 jaar afgeneem het.

“Die bedryf het sedert sy beskeie begin in 1965 toe die eerste effektetrustfonds in Suid-Afrika bekend gestel is, gegroei tot ’n rekord 943 fondse teen die einde van verlede jaar. Teen die einde van die eerste kwartaal vanjaar het die getal fondse egter tot 934 afgeneem nadat enkele fondse gederegistreer is deur fondsbestuurders wat hul fondsaanbiedinge gerasionaliseer het.”

Dempsey verwag dat batebestuurders hul fondsaanbiedinge verder sal konsolideer in die lig van die regulatoriese veranderinge in Suid-Afrika en ’n internasionale neiging om meer gefokusde fondso oplossings aan beleggers beskikbaar te stel.

“Die inwerkingtreding van Regulasie 28, wat voldoening deur sowel pensioenfondse as hul lede vereis, kan mettertyd ’n afname in spesialisfondse tot gevolg hê wat waarskynlik vervang sal word deur meer gefokusde fondse wat aan Regulasie 28 voldoen,” het Dempsey gesê.

Vaste rente bo aandele

Dempsey sê die bedryf het netto invloei ter waarde van R18 miljard in die eerste kwartaal van die jaar ontvang en R107 miljard in die 12 maande geëindig 31 Maart.

“Van die R107 miljard is R61 miljard in die plaaslike vasterentesektor belê. Dié sektor bestaan uit geldmark-, effekte-, inkomste- en gevarieerde spesialisfondse. Plaaslike batetoewysing het R37 miljard van die netto invloei ontvang en die plaaslike aandelesektor net R4 miljard. Die wêreldwye en buitelandse sektore het die res van die invloei ontvang.”

Dempsey sê hoewel beleggers die neiging voortgesit het om hul fondse in vasterentebeleggings te stort, het rentekoerse van 15,5% in Junie 2008 tot die huidige 9% gedaal en het die JSE se indeks van alle aandele (ALSI) van sy daaglikse laagtepunt van 18 121 in Maart 2009 herstel en teruggeklim tot naby aan 32 204 op 31 Maart vanjaar. Voordat die wêreldwye finansiële krisis die ALSI in 2009 tot op sy laagste vlakke afgedruk het, was die indeks in Mei 2008 op ’n rekordhoogtepunt van 32 959.

“Dit beteken beleggers wat in aandele gebly het, sou teen dié tyd al hul verliese verhaal het terwyl beleggers wat in 2009 in aandele belê het, met ’n ruim opbrengs vergoed sou word. Aan die ander kant sou vasterentebeleggers se opbrengs met die laer rentekoerse en inflasie gedaal het.”

Dempsey waarsku teen 'n alles-of-niks-benadering vir beleggers wat op lang termyn opbrengste wil verdien.

“Daar is ruimte vir alle bateklasse in 'n goed gebalanseerde en gediversifiseerde portefeulje wat saamgestel is ooreenkomstig die belegger se risikoprofiel en langtermyn doelwitte. Ongelukkig vermy die meeste beleggers kapitaalgroei op lang termyn ten gunste van die waarneembare veiligheid van vasterentefondse. Dit is wel so dat aandelebeleggings met 'n hoër risiko gepaard gaan en meer wisselvallig is, maar aandele het op die langer termyn konstant vaste rente en inflasie oortref.”

Terwyl die gemiddelde fonds in die plaaslike algemene aandelesektor vir die jaar geëindig 31 Maart 2011 'n opbrengs van 26% gelewer het, het plaaslike geldmarkfondse met 7% gegroei. Inflasie (VPI) het 4% beloop.

Die gemiddelde fonds in die plaaslike algemene aandelesektor het oor 'n tydperk van vyf jaar tot einde Maart vanjaar in absolute terme 'n gemiddelde opbrengs van 61% opgelewer terwyl geldmarkfondse 'n opbrengs van 52% gelewer het. Inflasie het op 38% te staan gekom.

Die ALSI het 'n opbrengs van 15% in randterme gelewer oor die een jaar geëindig 31 Maart 2011 in vergelyking met die 6% van die S&P 500 en die 4% van die FTSE 100. Die ALSI het oor vyf jaar 'n opbrengs van 81% gelewer, terwyl die S&P 500 se opbrengs 25% beloop en dié van die FTSE 100 op 21% te staan gekom het.

Volgens Dempsey het beleggers wat 'n duidelike beleggingstrategie het en by hierdie plan hou, ongeag markbewegings op kort termyn, die beste kans om hul beleggingsdoelwitte te bereik.

“Beleggers moet leer om die aandelemark te vertrou om oor tyd die gewenste opbrengs te lewer,” het hy gesê.

Invloei-statistieke

Dempsey sê hoewel die grootste gedeelte van die beleggings in die CIS-bedryf in die 12 maande tot einde Maart vanjaar deur finansiële tussengangers gevloei het (36%), belê al hoe meer beleggers hul geld direk by effektetrustmaatskappye (30%). Hy sê voorts dat 21% van die invloei deur verskaffers van gekoppelde beleggingsprodukte (Lisps) ontvang is terwyl 13% van die invloei deur institusionele beleggers soos pensioen- en voorsorgfondse ontvang is.

In 2005 het finansiële tussengangers 41% van die invloei gelok, terwyl direkte beleggings slegs 15% van die invloei ontvang het. Die bedryf het 25% van die invloei van Lisps ontvang en 19% van institusionele beleggers.

Buitelandse fokus

Die plaaslike geregistreerde buitelandse fondse het einde Maart vanjaar bates onder bestuur ter waarde van R121.7 miljard gehad teenoor R107.2 miljard aan die einde van die vierde kwartaal verlede jaar.

Effektetrustfondse in buitelandse geld is gedenomineer in eenhede soos die dollar, pond, euro en jen en word deur buitelandse effektetrustmaatskappye beskikbaar gestel. Dié fondse kan alleenlik aktief aan Suid-Afrikaanse beleggers bemark word indien dit by die Raad op Finansiële Dienste geregistreer is. Plaaslike beleggers wat in sulke fondse wil belê, moet aan Reserwebank-regulasies voldoen en sal van hulle vergunning ten opsigte van buitelandse kapitaal gebruik maak.

Netto invloei vir die kwartaal het R7.9 miljard beloop - R2.7 miljard in kleinhandel-beleggingsfondse en R5.2 miljoen in institusionele fondse.

Volgens Dempsey het buitelandse fondse 'n groter netto invloei in die eerste kwartaal van die jaar as in die hele 2010 gelok. Verlede jaar het die netto invloei R7.3 miljard beloop.

Die getal fondse in buiteland-gednomineerde geldeenhede wat in Suid-Afrika te koop is, is steeds 336.

Einde

Vir die reël van onderhoude, kontak asseblief:

Lucienne Fild
Onafhanklike Kommunikasiekonsultant
082 567 1533
lucienne@mweb.co.za

Uitgereik namens:

Peter Dempsey
Adjunk- Uitvoerende Hoof
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)
(021) 673 1620

ASISA verteenwoordig die meerderheid van Suid-Afrika se batebestuurders, bestuursmaatskappye van kollektiewe beleggingskemas, diensverskaffers van gekoppelde beleggings, multibestuurders en lewensversekeringsmaatskappye. ASISA is in 2008 in die lewe geroep deur lede van die Vereniging van Kollektiewe Beleggings (ACI), die Beleggingsbestuursvereniging van Suid-Afrika (IMASA), die Diensverskaffersvereniging vir Gekoppelde Beleggings (LISPA) en die Vereniging van Lewensversekeraars (LOA).